
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.


| Publication | | |
|---|---|---|
| VOLKSBLAD SAKE24 | | |
| **Page** | **Date** | **AVE (ZAR)** |
| 13 | Mon 16 Apr 2018 | 7105.5 |



**Alle meters vir voorafbetaalde krag sal voor 2024 hersien moet word, anders gaan dit nie meer enige nuwe bewyskodes aanvaar nie.**
Foto: VERSKAF

# Koopkrag-meters kry hul eie 'Y2K'

**Francois Williams**

Die sowat 7 miljoen kragmeters vir voorafbetaalde elektrisiteit in Suid-Afrika sal almal betyds voor 2024 aangepas moet word weens 'n unieke identifikasiekodestelsel wat teen November 2024 gaan verstryk.

Alle munisipaliteite en verkopers van voorafbetaalde elektrisiteit asook vervaardigers van koopkragmeters is nou gewikkel in 'n wedloop teen die tyd om die nodige veranderings in sagteware en ander verstellings betyds gedoen te kry, want ná dié datum in 2024 sal 'n koopkragmeter nie meer 'n verbruiker se kode aanvaar wat hy moet intik om 'n nuwe kwota elektrisiteit te laai as die betrokke meter nie aangepas is nie.

Meer inligting oor dié veldtog word in Mei op die Africa Utility Week, 'n jaarlikse konferensie vir die elektrisiteitsbedryf in Kaapstad, gegee.

Don Taylor, direkteur van die Standaardoordragspesifikasie-vereniging (STSA), verduidelik die probleem spruit uit die stelsel waardeur elke bewyskode waarmee krag gekoop word, geïdentifiseer word.

Die bewys-identifikasie van 24 syfers word bereken as die aantal minute wat verstryk het sedert 'n spesifieke datum in 1993 toe Suid-Afrika vir die eerste keer standaarde vir voorafbetaalde elektrisiteit ingestel het.

Dit is aanvanklik deur Eskom ontwikkel, maar 'n onafhanklike vereniging, die STSA, is in 1997 tot stand gebring wie se werk dit is om die sekerheidstandaarde vir die hele koopkragmeterbedryf te handhaaf.

Taylor verduidelik die bewys-identifikasie het 'n beperkte reeks syfers om mee te werk en dit sal teen November 2024 verstryk.

Daarna sal alle koopkragmeters nie meer nuwe bewyskodes kan aanvaar nie. Elke meter se geheue sal skoongemaak moet word en sy enkripsiekode moet voor 2024 verander word.

Die nuwe reeks bewys-identifikasies sal dan vanaf 'n nuwe basisdatum van 2014 begin, maar teen 2045 weer verstryk.

Taylor sê elke meter sal deur 'n kragmaatskappy of die eindverbruiker hersien moet word.

Die STSA raam daar is tans sowat 7 miljoen koopkragmeters in Suid-Afrika. Die tegnologie en die STSA se standaarde is mettertyd ook in die buiteland aanvaar, wat beteken byna 50 miljoen koopkragmeters wêreldwyd sal ook voor 2024 aangepas moet word.

Vrae oor presies hoeveel die aanpassing aan meters gaan kos en wie die koste gaan dek, is nog nie beantwoord nie.

Skeptici meen dit klink baie soos die histerie rondom Y2K (kort vir *year 2 000*) in aanloop tot 1 Januarie 2000 toe geglo is rekenaars en tegnologiese toerusting gaan alles wêreldwyd ophou werk 'n sekonde ná middernag op dié datum, maar Taylor is ernstig dat kragverspreiders soos munisipaliteite dit nie ligtelik moet opneem nie en seker maak dat meters betyds aangepas word sodat alles reeds 'n jaar voor 2024 gereed is.

Vervaardigers moet ook sorg dat al die nuwe meters wat hulle vervaardig met die nuwe begindatum van 2014 geprogrammeer word om die 2024-probleem te vermy.

Die STSA het tans sowat 170 lede in 36 lande.

Taylor meen daar is sowat 50 miljoen koopkragmeters in 102 lande wat die tegnologie gebruik wat in Suid-Afrika ontwikkel is om voorafbetaalde elektrisiteit moontlik te maak.

> **"Elke meter sal deur 'n kragmaatskappy of die eindverbruiker hersien moet word.**
> — DON TAYLOR